BYBELSTUDIE HEBREËRS 2:5-9.

In Hebreërs 1:5-14 het ons ‘'n reeks vergelykings tussen Jesus en die engele gekry. Elke keer was die slotsom: Jesus is baie groter as die engele. In 2:5-9 neem die skrywer weer die tema op.

1. Hoeveel keer word daar in vers 6-8 (die aanhaling van Psalm 8:5-7) van *mens, mensekind* of *hom* gepraat?

   .....

2. Lees 2:7,8a. Die oorspronklike psalm (in die Ou Testament) dink hier aan die mens. Aan wie dink die skrywer van Hebreërs? [Lees: 1 Korintiërs 15:27; Efesiërs 1:22; Filippense 3:21].

   .....

3. Lees Psalm 8:6 (Ou Testament) asook Hebreërs 2:7. Watter verskille tel u op?

   .....

   .....

4. Waarheen verwys die *“kort tydjie”* van vers 7? [Onthou dat dit hier oor Jesus Christus gaan].

   .....

5. Lees Hebreërs 1:13 asook 2:8. Het u die verskil opgemerk? In vers 13 lees ons: *“totdat Ek die vyand aan jou onderwerp het”* en in 2:8 staan daar: *“U het alles aan hom onderwerp”*.
   Skryf die verskil in jou eie woorde neer.

   .....

   .....

   .....

6. Is die volgende stelling waar of vals?

   Jesus se oorwinning oor Satan verloop in twee fases. Hebreërs 2:8 praat van die eerste groot en beslissende oorwinning met sy eerste koms. Hebreërs 1:13 dink nog vooruit na die finale oorwinning met Jesus Christus se wederkoms [vgl. 2:14 met 10:13].

   Waar.....Vals.....

7. Lees: 2:8b. Waarom sien ons nie vir Jesus as die finale oorwinnaar nie? M.a.w.: waarom is daar nog lyding en swaarkry en sonde?

   .....

   .....

   .....

8. Lees vers 9. Wat sien ons volgens hierdie vers?

   .....

9. In vers 9 word die naam *Jesus* vir die eerste keer alleen gebruik. Waarop wil die skrywer ons aandag vestig?

   .....

10. *"Die genade van God"* [v.9] kom nou die eerste keer in Hebreërs voor. Wat beteken hierdie uitdrukking vir jou persoonlik?

    .....

    .....

11. Jesus Christus heers as Koning vanuit die hemel. Dit is een van die hooftemas in Hebreërs. Hoe help dit ons op aarde wanneer dit nie goed gaan nie?

    .....

    .....

    .....

****

AANTEKENING HEBREËRS 2:5-9.

1. Sewe keer.

2. Aan Jesus self. Motivering: hoofstuk 1 handel oor die verhouding tussen Jesus Christus en die engele. In 2:5-9 word met die engele voortgegaan.
   Die Skrifgedeeltes wat gegee is, pas Psalm 8:7 toe op Jesus Christus self.

3. ‘'n bietjie minder / ‘'n kort tydjie
   hemelse wese / engele
   Aansien / heerlikheid.

4. Die tydperk van Jesus se aardse vernedering, voordat God Hom met heerlikheid gekroon het [na sy hemelvaart].

5. In 1:13 word dit nog in die vooruitsig gestel dat die vyand [die duiwel] onderwerp sal word. In 2:8 is alles klaar afgehandel – reeds onderwerp.

6. Waar.

7. Die finale afronding moet nog afgehandel word; die kerk word nog gesuiwer; die getal van die uitverkorenes moet vol word; nou is nog tyd vir geloofsgroei ens.

8. Waar ons volgens vers 8 nie veel van Christus se oorwinning op aarde kan sien nie, maak vers 9 ons geloofsoog oop sodat ons ‘'n kykie in die hemel kry. Nou sien ons Hom as die gekroonde Hemelkoning aan wie God alles klaar toegesê het. Hy regeer wel nog ‘agter die skerms’, maar in die volheid van die tyd sal Hy die vyand finaal opruim.

9. Die naam Jesus fokus op sy aardse lewe voor opstanding en hemelvaart.

10. “Die genade van God” is sy onverdiende goedheid teenoor ons. Die res is eie antwoord.

11. Eie antwoord.